

Maandag 16 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-5; Openbaring 3:7-13

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:2; HK Sondag 31, Antwoord 84

Die verkondiging van redding

Die inhoud van die bediening van die Woord waaroor dit hier gaan, kan kort en kragtig aangedui word as *Jesus Christus as Redder en Verlosser*, of soos Paulus dit stel: *Jesus Christus en Hom as die gekruisigde*. Daarom sê ons belydenis ook dat aan al die gelowiges verkondig en openlik betuig moet word “dat al hulle sondes hulle waarlik ter wille van die verdienste van Christus vergewe is”.

Die geloof in Christus as Redder en Verlosser is die enigste sleutel wat die koninkryk van die hemel vir die gelowige oopsluit en niks anders nie. Geen goeie werke, geen humanistiese liefdesdiens, geen groot opofferings sonder meer kan die plek van Christus inneem nie.

Hieruit is dit duidelik dat Christus, die gekruisigde, self die sentrum van die evangelieverkondiging moet wees. Steeds moet op Hom gewys word as die enigste deur Wie ons die koninkryk van die hemel kan binnegaan. Van nature, vanweë ons sonde, staan ons immers almal buite die koninkryk van die hemel. Daarom moet Hy in die prediking altyd aan ons voorgehou word as die enigste weg tot die ewige lewe.

Christus self toon dit aan as Hy sê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6). Johannes (1:12) sê van Hom: “Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.” Daarom moet aan almal wat Jesus Christus van harte deur die geloof as Saligmaker aan-geneem het, in die Naam van Christus self verkondig word dat al hulle sondes vergewe is, dat die koninkryk van die hemel vir hulle oopgesluit is en wyd oop bly. Hulle moet nie daaraan twyfel nie, maar kan volkome seker wees daarvan.

Aan die ware gelowiges mag en moet verkondig word dat geen sonde of swakheid wat nog teen hulle wil in hulle oorgebly het, kan verhinder dat God hulle in genade aanneem en die poort van die koninkryk vir hulle oopsluit met die sleutel van die bloed van Christus nie.

Christus sê self ook aan hulle, soos aan die gelowiges in Filadelfia: “So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie: ... Kyk, Ek het ’n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie” (Op. 3:7, 8).

Wat ’n genade is dit nie om sulke aangename dinge te kan verkondig nie! Hoe ’n heerlike voorreg is dit nie om die sleutel van die prediking en dié van die evangelie te mag hanteer nie!